

No. R. 889

19 November 2013

SOUTH AFRICAN NATIONAL ROADS AGENCY LIMITED AND NATIONAL ROADS ACT, 1998**THE SOUTH AFRICAN NATIONAL ROADS AGENCY SOC LIMITED****GAUTENG FREEWAY IMPROVEMENT PROJECT, TOLL ROADS: EXEMPTION FROM THE PAYMENT OF TOLL: CERTAIN PUBLIC TRANSPORT SERVICES AND EMERGENCY VEHICLES**

The South African National Roads Agency SOC Limited (SANRAL) hereby, in terms of section 27(1)(c) of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998) ("the Act") grants exemption from the payment of toll, levied on the following toll roads:

As declared by Government Notice No. 30912 of 28 March 2008

- N1 sections 20 and 21
- N3 section 12
- N4 section 1
- N12 sections 18 and 19

as declared by Government Notice No. 31273 of 28 July 2008

- R21 sections 1 and 2,

in respect of motor vehicles described in the Schedule.

This exemption shall be applicable 14 days after this notice was published in the *Government Gazette*.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Nazir Ali', is written over a horizontal line. Below the line, there is a small 'X' mark.**Nazir Ali****Chief Executive Officer****South African National Africa National Roads SOC Limited**

SCHEDULE**SOUTH AFRICAN NATIONAL ROADS AGENCY LIMITED AND NATIONAL ROADS ACT, 1998 (ACT NO. 7 OF 1998)****GAUTENG FREEWAY IMPROVEMENT PROJECT, TOLL ROADS: EXEMPTION FROM THE PAYMENT OF TOLL**

Motor vehicles providing the public transport services and emergency services contemplated in paragraphs 1 and 2 below and which comply with the conditions set out in paragraphs 1 and 2 below and the requirements of the Regulations on Exemptions from the Payment of Toll ("Exemption Regulations") made by the Minister of Transport in connection with such exemptions, will be exempt, when providing the services contemplated in 1 and 2 below, from the payment of toll on the following e-roads namely:

As declared by Government Notice No. 30912 of 28 March 2008

- N1 sections 20 and 21
- N3 section 12
- N4 section 1
- N12 sections 18 and 19

As declared by Government Notice No. 31273 of 28 July 2008

- R21 sections 1 and 2

(collectively "the GFIP toll roads") (the Exemption Regulations prescribe the forms to be used, the information to be furnished and procedures to be followed in connection with such exemptions):

1. Vehicles providing the following public transport services and which have been issued with and are in possession of a valid operating licence or permit issued for the vehicle in question in terms of the National Land Transport Act, 2009 (Act No. 5 of 2009) or recognised by that Act and which are registered with the Agency and have an e-tag issued by the Agency, affixed to such vehicle, in accordance with the e-Road Regulations as made by the Minister under section 58(1)(dA) and (dC) of the Act and the Exemption Regulations, by no later than 30 September 2014:

- (a) a minibus taxi-type service as defined in section 1 of the National Land Transport Act, 2009 (Act No. 5 of 2009) (NLTA) where the service is for commuting, as defined in the NLTA, including for the transportation of scholars and private contract passengers (charter services) and where such transportation, on the GFIP toll roads, is authorised by the same operating licence or permit that authorises the commuter services (the definition reads as follows: "minibus taxi-type service" means an unscheduled public transport service operated on a specific route or routes or,

where applicable, within a particular area, by means of a motor car, minibus or midibus”);

- (b) a contracted service, that is a public transport service provided by means of vehicles operated in terms of a contract with a contracting authority contemplated in section 56 of the NLTA and where such service is provided on roads which include the GFIP toll roads;
- (c) a scheduled commuter public transport service, that is a regular, daily scheduled public transport service operating according to a time-table, including for the transportation of scholars and private contract passengers (charter services) and where such transportation, on GFIP toll roads, is authorised by the same operating licence or permit that authorises the commuter services; and
- (d) a dedicated service for transporting scholars or students on a daily basis contemplated in section 72 of the NLTA for which an operating licence or permit is required in terms of the NLTA and where such service is provided on roads which include the GFIP toll roads.

2. The following emergency vehicles and which are registered with the Agency and have an e-tag issued by the Agency affixed to such vehicle, in accordance with the e-Road Regulations and the Exemption Regulations:

- (a) a vehicle used by a traffic officer, as defined in section 1 of the National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996), employed by the Provincial Government of Gauteng, or the Road Traffic Management Corporation established by section 3 of the Road Traffic Management Corporation Act, 1999 (Act No. 20 of 1999) while on official duty in its official capacity, and where the vehicle is owned or leased by that Provincial Government or Corporation and is marked as such as an official vehicle;
- (b) any ambulance that is registered as such in terms of the National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996) and is marked as an ambulance; and
- (c) a fire-fighting vehicle as defined in section 1 of the National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996) or a vehicle used for disaster management as contemplated in the Disaster Management Act, 2002 (Act No. 57 of 2002), or a vehicle used for forensic pathology purposes, while the vehicle is being used on official duty in its capacity as such a vehicle, and where the vehicle is owned or leased by the Provincial Government of Gauteng or the City of Johannesburg Metropolitan Municipality, the City of Tshwane Metropolitan Municipality the Ekurhuleni Metropolitan Municipality or Transnet Limited, being the company formed in terms of section 2 of the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989 (Act No. 9 of 1989) and is marked as such as a fire-fighting vehicle, disaster management vehicle or forensic pathology vehicle, as the case may be.

No. R. 889

19 November 2013

**WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENSKAP BEPERK EN OP NASIONALE PAAIE, 1998
(WET NR. 7 VAN 1998)**

DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSAP MSB BEPERK

**GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK TOLPAAIE: VRYSTELLING VAN DIE BETALING VAN TOL:
SEKERE OPENBARE VERVOERDIENSTE EN NOODVOERTUIE**

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap MSB Beperk verleen hiermee vrystelling van die betaling van tol wat op die volgende tolpaaie gehef word kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998) ("die Wet"):

Soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. 30912 van 28 Maart 2008

- N1 gedeelte 20 en 21
- N3 gedeelte 12
- N4 gedeelte 1
- N12 gedeelte 18 en 19

Soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. 31273 van 28 Julie 2008

- R21 gedeelte 1 en 2

met betrekking tot motorvoertuie wat in die Bylae beskryf word.

Hierdie vrystelling sal 14 dae nadat hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer is, van krag wees.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Nazir Alli', with a horizontal line underneath and a small 'x' mark below the line.

Nazir Alli

Hoof Uitvoerende Beampte

Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap MSB Beperk

BYLAE**WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSAP BEPERK EN OP NASIONALE PAAIE,
1998 (WET Nr. 7 VAN 1998)****GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK TOLPAAIE: VRYSTELLING VAN DIE BETALING VAN
TOL**

Motorvoertuie wat die openbare vervoerdiens en nooddienste beoog in paragraaf 1 en 2 hieronder verskaf en wat by die Agentskap geregistreer is op die wyse beoog in die Regulasies oor Vrystelling van die Betaling van Tol ("Vrystellingsregulasies") wat die Minister van Vervoer met betrekking tot sodanige vrystellings gemaak het, en wat aan die voorwaardes van die Regulasies voldoen, sal vrygestel wees wanneer die dienste beoog in 1 en 2 hieronder verskaf word van die betaling van tol op die volgende e-paaie, naamlik:

Soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. 30912 van 28 Maart 2008

- N1 gedeelte 20 en 21
- N3 gedeelte 12
- N4 gedeelte 1
- N12 gedeelte 18 en 19

Soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. 31273 van 28 Julie 2008

- R21 gedeelte 1 en 2

(gesamentlik "die GDVP tolpaai") (die Regulasies oor Vrystellings van die Betaling van Tol skryf voor die vorms wat gebruik moet word, die inligting wat verskaf moet word en prosedures wat gevolg moet word met betrekking tot sodanige vrystellings):

1. Voertuie wat die volgende openbare vervoerdiens verskaf en wat uitgereik is met en in besit is van 'n geldige bedryfslisensie of permit wat vir die betrokke motorvoertuig ingevolge die Nasionale Landvervoerwet, 2009 (Wet Nr. 5 van 2009) uitgereik is, of ingevolge daardie wet erken word, en wat nie later as 30 September 2014 nie by die Agentskap geregistreer is en 'n e-tag het wat deur die Agentskap uitgereik en by die voertuig aangeheg is, ingevolge die e-Paderegulasies gemaak deur die Minister ingevolge artikels 58(1)(dA) and (dC) van die Wet en die Regulasies oor die Vrystelling van die Betaling van Tol:

- (a) 'n minibus taxi-tipe diens soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Landvervoerwet, 2009 (Wet No. 5 van 2009) (NLVW) waar die diens vir pendeldoelindes bestem is soos in the NLVW omskryf insluitende die vervoer van skoliere en privaat kontrakpasassiers ("charter services") waar sodanige vervoer op die GDVP tolpaai deur dieselfde bedryfslisensie of permit wat die pendeldienst magtig, gemagtig is (die woordskrywing lees as volg: "minibus taxi-tipe diens")

beteken 'n ongeskeduleerde openbare vervoerdiens wat op 'n spesifieke roete of roetes bedryf word, of waar van toepassing, binne 'n spesifieke gebied deur middel van 'n motorkar, minibus of midibus”);

- (b) 'n gekontrakteerde diens, wat 'n diens is wat deur voertuie verskaf word uit hoofde van 'n kontrak met 'n kontrakterende owerheid beoog in artikel 56 van die NLVW en waar sodanige diens op paaie verskaf word wat die GDVP tolpaaië insluit;
- (c) 'n geskeduleerde openbare pendelvervoerdiens, wat 'n gereelde, daaglikse geskeduleerde openbare vervoerdiens is wat ingevolge 'n rooster bedryf word, met insluiting van die vervoer van skoliere en privaat-kontrakpassasiers (“charter services”) waar sodanige vervoer op die GDVP tolpaaië deur dieselfde bedryfslisensie of permit wat die pendeldienste magtig, gemagtig is; en
- (d) 'n toegewese skolierdiens, wat 'n toegewese diens vir die vervoer van skoliere of studente op 'n daaglikse basis beoog in artikel 72 van die NLVW is waarvoor 'n bedryfslisensie of permit uit hoofde van die NLVW benodig word, en waar sodanige diens op paaie verskaf is wat die GDVP tolpaaië insluit.

2. Die volgende noodvoertuie wat geregistreer is by die Agentskap ingevolge die e-Paderegulasies en die Regulasies oor die Vrystelling van die Betaling van Tol:

- (a) 'n voertuig wat deur 'n verkeersbeampte, soos in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) omskryf, gebruik word, wat in diens is van die Provinsiale Regering van Gauteng, of die Padverkeersbestuurskorporasie soos geskep ingevolge artikel 3 van die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999 (Wet Nr. 20 van 1999) terwyl op amptelike diens in sy amptelike hoedanigheid, en waar die voertuig deur sodanige Provinsiale Regering of Korporasie besit of gehuur is, en as sodanige amptelike voertuig gemerk is;
- (b) enige ambulans wat as sodanig in terme van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) geregistreer is en as sodanige ambulans gemerk is; en
- (c) 'n brandbestrydingsvoertuig soos in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) omskryf, of 'n voertuig wat vir rampbestuur gebruik word soos beoog in die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet Nr. 57 van 2002), of 'n voertuig wat vir forensiese patologiese doeleindes gebruik word, terwyl die voertuig op amptelike diens in sy amptelike hoedanigheid as sodanige voertuig gebruik word, en waar die voertuig besit of gehuur is deur die Provinsiale Regering van Gauteng of die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit of die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit, of Transnet Beperk, wat die maatskappy is wat ingevolge artikel 2 van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (Wet Nr. 9 van 1989) gestig is, en as sodanige brandbestrydingsvoertuig, rampbestuurvoertuig of forensiese patologiese voertuig gemerk is, soos die geval mag wees.